

Vrydag 25 Augustus

Skrifgedeelte: Matteus 26:26-30

Fokusgedeelte: Matteus 26:28; HK Sondag 28, Antwoord 75

Die eerste belofte van die nagmaal: Vergewing van sondes

Die eerste belofte wat Christus deur die nagmaal aan my gee, is dat ek deel het aan sy offer aan die kruis vir die vergewing van sondes. Dit is belangrik om daarop te let dat die Kategismus uitdruklik praat van Christus se offer aan die kruis. Van die wesenlike elemente van die sonde-offer was dat die dier wat geoffer word, se liggaam gebreek (hy is doodgemaak) en sy bloed vergiet word (Lev. 4:4-7) en dat die offeraar deur die offer vergewing van sondes ontvang (Lev. 4:20; 5:6, 10, 13). Hierdie Ou-Testamentiese offers het heen-gewys na Christus se offer aan die kruis waar sy liggaam gebreek en sy bloed vergiet is tot 'n volkome versoening van al ons sondes (Matt. 26:28).

As Christus die nagmaal instel, doen Hy dit so dat die gebreekte brood en die wyn wat uitgegiet word, *tekens* is wat wys na sy gebreekte liggaam aan die kruis en sy bloed wat vergiet is tot vergewing van ons sonde. Die brood en wyn wys as't ware met 'n uitgestrekte vinger na die versoeningslyde van Christus. 'n Mens kan dit nog sterker stel en sê: In die brood en wyn hoor ons Christus self eintlik sê in die woorde van die nagmaalsformulier: Kyk, kyk wat het Ek vir julle gedoen “dat Ek vir julle, wat anders die ewige dood moes sterwe, my liggaam aan die kruishout in die dood gee en my bloed stort ...”

Die brood en die wyn is egter nie net tekens nie, maar ook *seëls*. Dit wys nie net na die offerande van Christus nie, maar *verseker* ons dat ons werklik daaraan deel het. Lees weer bogenoemde aanhaling uit die Kategismus en let veral op die betekenis van “so seker” in die geheel van die sin.

Die nagmaal sê dus eintlik aan elkeen van ons: Sien jy, voel jy en proe jy die brood en wyn? Dit is werklik brood en wyn. Alle twyfel is uitgesluit. Net so moet ook alle twyfel uitgesluit wees of God, die troue Verbondsgod, met my as sy onwaardige kind iets te doen wil hê. Net so moet ook alle twyfel of ek werklik deel het aan die offer van Christus, uitgesluit wees. Omdat die tekens en seëls van brood en wyn nie iets is wat deur mense uitgevind is nie, maar deur Christus self ingestel is, verseker dit my dat die vergewing van sondes om Christus ontwil my persoonlike regmatige eiendom as God se verbondskind is.

Dat die versekering van God werklik vir my persoonlik bedoel is, word beklemtoon deur die herhaalde “vir my” in bogenoemde uitspraak van die Kategismus.